Rauch kan nie 'n voet verkeerd sit

Laurika after dark met Laurika Rauch
After Dark, Pretoria
Marguerite Robinson

LAURIKA RAUCH kan haas nie 'n voet verkeerd sit nie. Die rede hiervoor is baie eenvoudig: volkome professionaliteit. 'n Mens gaan hierdie vrou nie op 'n ongeoefende voet vang nie.

'n Mens kan verskil oor programsamestelling, maar jy kan haar nie daarvan beskuldig dat sy nie weet wat sy doen nie.

Laurika after dark se samestelling herinner aan die tradisionele gebruik van bruide: iets ouds, iets nuuts, iets geleen en iets wat 'n blouerige gevoel weergee.

Maar dit vorm tog 'n besliste geheel. Tematies fokus dit op die mens in sy verhoudinge, in sy tydgebondenheid, in sy misbruik van (en in teenstelling daarmee ook sy liefde vir) die aarde, en helaas in sy ewigdurende oorlogstryd. (Terloops: sy praat g'n woord nie. Hiér is 'n goeie bewys dat 'n mens nie hoef nie.)

Dit is die "iets nuuts" (geleende Engelse liedjies daar gelaat) wat veral 'n nuwe vertoning van 'n vorige onderskei. En hierdie keer oortref die Christopher Torr/Laurika Rauch-kombinasie hulself.

Met die eerste sien van die lirieke van *Hot gates* is die skeptiese mens geneig om sy bedenkinge te hê. 'n Opeenstapeling van plekname met een gemene deler: plekke wat in 'n stryd gewikkel was/is, waar bloed vergiet is/word, waar die mens sy nimmereindigende oorlogstryd voer. En 'n koor en nog een ander finale versie wat

Laurika Rauch

in die kenmerkende eenvoudige woordstyl van Torr geskryf is. En ter toeligting boonop 'n paar bladsye met brokkies inligting oor die geskiedenis van elke genoemde plek. Pure pretensie, of akademiese deeglikheid?

Maar 'n mens sluk deeglik aan jou voorbehoude. Rauch vuur in haar vertolking elke pleknaam skoot vir skoot af. En dit tref 'n mens waar dit seermaak én waar dit die dikwels dormante gewete in die bek kan ruk. En die slotvers met al sy eenvoud is skrynende, skrynende ironie. Net hiervoor alleen kan 'n mens na *Laurika after dark* gaan kyk.

Nog 'n kombinasie waarop daar kwalik verbeter kan word, is dié van Rauch en die besonder talentvolle pianis David Taljaard. Sy spel het 'n sensitiwiteit en 'n ondersteunende kwaliteit, maar met 'n beslis te karakter van sy eie. Sonder om vorige begeleiers te na te kom, glo ek Rauch het in Taljaard dié begeleier vir haar gevind. Nie dat 'n mens hom bloot moet beleef as 'n skadukarakter nie. Hy laat 'n mens stil word en luister.

Wat 'n mens onmiddellik laat wonder oor Rauch se aggressiewe vertolking van *Liza se klavier*. Aggressiwiteit hits 'n mens tog aan. Hoe rym jy dit met lirieke wat sê: "En die hele wêreld word stil, en luister in die donker uur na die naggeluide van Liza se klavier." Die byblywende stemming van note wat in die lug hang, is amper brutaal verwilder.

Taljaard se nuwe melodie vir Koos du Plessis se *As almal ver is* het 'n vreemde klank wat nie met 'n eerste kennismaking maklik op die oor val nie. Maar dis ongetwyfeld interessant.

En ten slotte: *Mijn vlakke land* was aardskuddend. En terloops, as daar nie tot 'n vergelyk gekom kan word oor 'n volkslied nie: dit klink darem baie mooi as 'n gehoor saam wegval met *Stuur groete aan Mannetjies Roux* se koor.

● **Tot 4 Desember.**